Die Lewende God

Uittreksel van Pastoor Neser se preek b77B

Skriflesing uit Hand.14: 1-25

Kernvers: 15 – ‘ En gesê: Manne, waarom doen julle hierdie dinge? Ons is net sulke mense soos julle, en ons verkondig die evangelie, dat julle jul van hierdie nietige dinge moet bekeer tot die lewende God wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daarin is gemaak het’.

As daar iets is wat my hart roer dan is dit dat as jy die Bybel lees van Genesis tot Openbaring dan sien jy daarin dat God leef! Waar die Here kom, daar is beweging. As dit dan nie beweging is ná Hom toe nie, dan is dit in teenstand teen God.

Wanneer die Here kom met Sy Heilige Gees, dan is daar roering, daar is wonderlike genesings – tekens en wonders en mense wat tot inkeer kom en God volg. Maar ook diesulkes wat teen Hom in opstand kom…

Paulus word gestenig en vir dood buite die stad gelaat, en God rig hom op. Die verlamde man wat opspring en loop – ‘n magtige beweging van God tot eer van Sy naam. Die heidense priesters egter, wat dit gesien het, wou aan Paulus en Barnabas offer, maar hulle het hul klere geskeur en onder die skare ingespring om hulle te verhoed en vir hulle gesê dat alleenlik God geëer moet word!

Die stad was in beroering omdat die lewende God hulle besoek het….

Mag die Here gee dat ons gereed sal wees wanneer God óns besoek – ons is die geslag wat die koms van Jesus gaan sien!